

# N.G. Gemeente Vaalpark

## Gebedsbulletin no 4

## 28 Januarie 2024

**God-Oomblikke**

**Ek is vir altyd by julle,**
**tot aan die einde van die wêreldgeskiedenis.**
**Matt 28:20**

**Ek het gistraand weer gehoor iemand sê: "Ek het vandag 'n God-oomblik gehad." Wat is 'n God-oomblik? Jy het waarskynlik ook al so iets beleef, al het jy dit nie so genoem nie. 'n God-oomblik is daardie oomblik in jou dag wanneer jy bewus is daarvan dat God deel is van jou lewe - aktief, doelgerig en konstant. Dit is wanneer iets gebeur wat jy dadelik besef slegs deur Sy hand gebeur het. Dis so wonderlik om herinner te word dat God in alles is. Soms druk die probleme van die lewe so swaar op ons en sien ons nie meer raak dat Hy altyd oor ons wag hou en ons liefhet nie. 'n God-oomblik is kosbare herinnering dat Hy oor ons waak, ons liefhet, ons lewens lei en ons beskerm. Wanneer jy dus met 'n God-oomblik geseën word, sê vir Hom dankie en onthou dat dit slegs een van die duisende dingetjies is wat Hy elke dag vir jou doen.**

'n Lewe van geloof

**Ons leef deur te glo en nie deur te sien nie. 2 Kor 5:7**

**Sal dit nie wonderlik wees om 'n draaiboek vir jou hele lewe te hê nie! Jy sal van alles weet wat vir jou voorlê – elke krisis, elke verandering, elke vreugde en elke smart. Daar sou geen verrassings wees nie. Eintlik sou dit nie 'n goeie ding gewees het nie, want jy sou van alles weet wat in die toekoms wag en soms sou jy wou weghardloop!**
**Om deur geloof te lewe, beteken dat jy God vertrou en weet dat Hy 'n plan vir jou lewe het en dat Hy daardie plan volgens Sy eie tydsberekening uitwerk. So, selfs wanneer iets gebeur wat jy nie verstaan nie, hoef jy nie bang te wees nie. Jy kan vertrou dat elke krisis en elke situasie jou na die volgende ding toe lei wat God vir jou beplan het. 'n Lewe van geloof beteken om op God te vertrou ongeag wat gebeur – selfs al weet JY nie waarheen dit lei nie. Jy kan vertrou op die waarheid dat God wel weet!**

**Geloof is om die eerste tree te gee selfs**
**wanneer jy nie die hele stel trappe sien nie.**
**- Martin Luther King jr –**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede wat begin na die skoolvakansie.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons skoliere en studente. Dat hulle hulle hoop in Christus sal vind.
- Vir die nuwe geleenthede saam met God hierdie jaar!

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Albert Glockzin
- Jillian Jansen
- Willie Britz
- Tilly van Huysen
- Tannie Anna Chandler

Ockie Fourie
Ria Putter
Tannie Martie de Beer
Karl Olsen
Tannie Bets Coetzee
Amoré Alberts
Sumari Pretorius
Willie Viljoen
Annatjie Pienaar
Rudi Kruger
Jaap Naude
Flippie Roslee

**Gedagte vir die week**

**As jy na aan God en Sy oneindige genade lewe,**
**Hoef jy dit nie aan ander te vertel nie;**
**Dit sal op jou gesig sigbaar wees.**
**- Anoniem –**
**-**

**Stuur Gebedsversoeke aan:**
Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org